

27 September

Psalm 118

(Teks: 118:24) Sondag is 'n feesdag

Psalm 118 is 'n feeslied wat by Israel se feeste gesing is. Elke keer as die Psalm gesing is, dan het die volk gedink aan die verlede met al sy moeilikhede en swaarkry, maar veral ook aan die uitredding en verlossing wat die HERE telkens gegee het. Hierdie feeslied het die volk ook bemoedig: Soos die HERE in die verlede gered en verlos het, so sal Hy ook in die toekoms doen!

In die Nuwe Testament word die benaming dag van die Here altyd gebruik vir die opstandingsdag van die Here Jesus, die eerste dag van die week, Sondag.

Sondag verkondig dat daar 'n nuwe bedeling in die wêreldgeskiedenis aangebreek het toe Jesus Christus as oorwinnaar uit dood en graf getree het. Die ou bedeling, die Ou-Testamentiese tyd is verby. Dit is in Jesus Christus vervul. Ons leef nou in die nuwe bedeling. Daarom is die Sondag vir ons 'n baie besonderlike feesdag.

Sing Psalm 118:12

Ds. J.J. de Klerk (Boksburg-Suid)